
MyStories
jou eie avontuur

# Die Rooi Ballon

# ANKE & ROBERT

se avontuur saam met Ranger Steve.




MyStories
jou eie avontuur




# Die Rooi Ballon

# ANKE & ROBERT


se avontuur saam met Ranger Steve.



MS3520-01



Met liefde opgedra aan die Bauer familie.



Geskryf deur Mariana van der Merwe
Illustrasies deur Christopher Pinto
Uitleg deur Cené de Wit

MyStories
jou eie avontuur

www.mystories.co.za

**Produk van Suid Afrika** © Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.


Anke, Robert en ’n paar maats gesels al te lekker saam met Steve, die wildbewaarder. Almal noem hom sommer Ranger Steve. Hy is ’n baie goeie veldwagter, en hy leer kinders van regoor die wêreld om die natuur mooi op te pas.

Uiteindelik, na ’n dag vol belangrike lesse, vra Ranger Steve opgewonde: **“Wie is lus vir ’n lekker wildsrit avontuur?”**



# “ONS IS! ONS IS!”

roep almal vrolik uit.



**Anke se rugsakkie lyk vreeslik vol.**

Ranger Steve trek die geel oopdak Land Rover nader en almal spring op. **“Gereed?”** vra hy. Hy gee ’n harde fluit en laat waai om die draai.





**“PSSST...”** roep Robert.

“Hoekom staan jou rugsakkie so bol?”


Anke maak die rugsakkie versigtig oop sodat Robert kan inloer. “Ek het dié mooi rooi ballon by ’n restaurant gekry op pad wildtuin toe,” se Anke.

Intussen hou Ranger Steve stil sodat hulle na ’n paar gemsbokke langs die pad kan kyk. Hulle vergeet om die rugsakkie weer toe te maak. Meteens waai daar ’n wilde weste wind van voor en...



...SJWIEEEEP

swiep dit die ballon uit die rugsak uit!



"O GATS!"

sê Anke en Robert gelyk.

Terwyl Ranger Steve vertel hoe gemsbokke hulle horings gebruik, spring Anke en Robert **WOEPS-WOEPS** agter van die Land Rover af.



Hulle gryp tevergeefs na die ballon, want die weste wind waai dit reeds in die rigting van ’n grys volstruis.

## “VOLSTRUIS, VOLSTRUIS!”

roep Anke terwyl hulle nader hardloop.

**“Help ons asseblief om die rooi ballon te vang!”**

“So mooi rooi ballon sal ek heeldag in die veld kan rondskop,” sê volstruis vrolik. “Maar wat as ek dit stukkend skop en my lang bene daarin verstrengel raak?

**O nee, dié ballon moet ons eerder vang voor dit in die veld beland.”**



Volstruis wikkel haar tone...



...en klap haar vlerke.




Sy probeer haar bes om die ballon te vang, maar volstruise kan mos nie vlieg nie.




Arme volstruis is so ontsteld, sy druk sommer haar kop in die sand.

**En die rooi ballon?**

Dié waai al verder en vinniger in die rigting van die kronkelende rivier.





Anke en Robert hardloop agterna.

**"KROKODIL, KROKODIL!"** skree Robert uitasem.

**"Help! Help ons asseblief om die rooi ballon te vang!"**

**"MMMMMMM,"**

mompel krokodil.

"Daardie ballon lyk eintlik nogal lekker. Maar wat as ek dit insluk? Ek sal mos maagpyn kry.

**Ga-a-nee-a! Ons beter daardie ballon vang, dit hou 'n groot gevaar in vir al die diere in die veld."**



Krokodil spring so hoog as wat hy kan.


Hy hap dat sy tande so
**KARPLAKS** toeklap.






**Al wat hy raak hap is 'n paar glibberige lelies.**

Intussen waai die weste wind al vinniger en die wolke pak saam. Die ballon trek nog verder weg, in die rigting van 'n hoë kameeldoringboom.





Anke en Robert hardloop verder.


## "KAMEELPERD, KAMEELPERD!"

roep hulle saam. **"Help! Help! Vang die ballon asseblief!"**

"Wat 'n prettige rooi ballon," glimlag kameelperd.
"Ek sal dit graag op my neus wil hop soos 'n sokkerbal."


"Maar wat as dit bars en die repe plastiek waai teen my oë vas? Ek sal mos teen al die bome bots!

**O gedorie nee, daardie ballon moet ons liewers vang en in 'n asdrom in bons."**



Kameelperd rek en strek sy lang nek na bo. Hy staan op die punte van sy hoewe, maar die ballon is net te hoog.

Die weste wind waai die ballon rond en bont bo sy kop. Uiteindelik waai dit weer al die pad terug in die rigting van die gemsbok trop.




Die wolke raak baie donker en die weste wind waai al sterker. Anke en Robert besef hulle gaan nie die ballon kan vang nie.

Robert tel 'n klein klippie op en gooi dit na die ballon – hy hoop dit sal die ballon tref en dit bars.

“Ten minste kan ons dan die stukke optel en in ’n asblik gooi,” verduidelik hy vir Anke.

**Tevergeefs, die ballon trek reeds te ver.**



Volstruis, krokodil en kameelperd staar bekommerd na die rooi ballon wat steeds in die lug rond waai.

Mismoedig hardloop Anke en Robert terug na Ranger Steve.


Hulle sit koppe bymekaar.

Daarna gee Ranger Steve ‘n harde fluit,


**FFWWWWWWWWHHT!**

In die verte galop ‘n gemsbok vinnig nader.





Ranger Steve fluister in
gemsbok se oor.




Gemsbok begin hardloop in die rigting
van die ballon. **KLAPPETIE-KLAP** stamp
sy hoewe teen die grond.



Gemsbok gee 'n sprong, buig sy
nek vorentoe en trek hoog en ver
deur die lug.


Die punt van sy skerp horings raak net-net aan die ballon…




**…en POP bars die ballon!**

Die stukkies plastiek ryg soos 'n sosatie deur gemsbok se horings.

**"Amper was hierdie nou 'n lelike besigheid,"** sê Ranger Steve.
Dan kyk almal weer na gemsbok se sosatie horings en lag verlig saam.




Op pad terug huistoe krap Ranger Steve sy kop,
**“Ek wonder waar kon daardie ballon vandaan kom?”**

Anke en Robert se gesiggies word amper net so rooi soos die ballon.

**“Die ballon was so mooi, ons het gedink ons sou dalk later daarmee kon speel,”** sê Anke.

**“Ja,”** voeg Robert by, **“maar dit was voor volstruis, krokodil en kameelperd ons herinner het dat ballonne, net soos rommel, nie in die veld hoort nie.”**



Ranger Steve glimlag vriendelik,

**“Ek is bly julle besef dit. Ons moet mooi kyk na die natuur.”**

Net voor hulle by die huis stilhou, loer Ranger Steve oor sy skouer.
“Anke en Robert,” knipoog hy,

**“dankie vir ’n onvergeetlike avontuur.”**

En dit was die laaste keer wat ’n rooi ballon ooit weer saam op ’n wildsrit was.





# AKTIWITEIT:

Neem hierdie boekie saam wanneer jy eendag op ’n wildsrit gaan.
Merk al die diere af wat jy sien.

**Datum:**

**Natuurreservaat:**

- [ ] Blouaap
- [ ] Bobbejaan
- [ ] Buffel
- [ ] Erdvark
- [ ] Gemsbok
- [ ] Hiëna
- [ ] Jagluiperd
- [ ] Jakkals
- [ ] Kameelperd
- [ ] Koedoe
- [ ] Krokodil
- [ ] Leeu
- [ ] Luiperd
- [ ] Nagapie
- [ ] Olifant
- [ ] Renoster
- [ ] Rooibok
- [ ] Sebra
- [ ] Seekoei
- [ ] Vlakvark
- [ ] Volstruis
- [ ] Ystervark

Ander diere:

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________



MyStories

jou eie avontuur

**www.mystories.co.za**


Anke en Robert vertrek saam met Ranger Steve op ’n wildsrit avontuur. In Anke se rugsakkie steek hulle ’n pragtige rooi ballon weg. Maar o, wee! ’n Wilde weste wind waai onverwags van voor en

# SJWIEEEEEP

swiep dit die ballon uit die rugsak uit!

Anke en Robert probeer hulle bes om die ballon te vang, maar die wolke pak saam en die wind waai al sterker. Wat as die ballon bars en die repe plastiek in die veld beland?

**Sal Anke en Robert die ballon betyds kan vang?**



MyStories
jou eie avontuur
**www.mystories.co.za**
MS3520-01